


Bybel vir Kinders
bied aan

Daniel en die Eienaardige Droom



Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Jonathan Hay

Aangepas deur: Mary-Anne S.

Vertaal deur: Yvonne Kriel


Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

©2013 Bible for Children, Inc.

Lisensie: U het die reg om hierdie stories
te kopieër en te druk maar u mag dit
nie verkoop nie.



Koning Nebukadnésar het 'n droom gehad en hierdie droom het hom verskriklik gepla. Deur God se krag was Daniël in staat om die koning te vertel wat sy droom beteken.



Die eerste ding wat Daniël
gedoen het was om die droom
presies te beskryf. "Jy het 'n
reuse standbeeld gesien
O Koning, sy voorkoms
was asemrowend!"




“Die standbeeld se kop is gemaak
van goud,”
het Daniel
voortgegaan.



“Die bors
en arms is
gemaak van
silwer.”



“Die maag en bobene is gemaak van brons.”




"Die bene is gemaak van
yster, sy voete
gedeelteelik
van yster
en klei."



Nadat hy die beeld beskrywe het
aan die koning het Daniël hom die
res van die droom vertel.



“U het gekyk terwyl
'n klip uitgesny word
sonder die gebruik van
hande,” het Daniel aan
die koning gesê.



“Die klip het die beeld
op sy voete van yster
en klei getref en dit
in klein stukkies
gebreek.”



"Die standbeeld is vergruis tot stof en het weggewaai." Daniel het gestop. "Die klip het gegroei en 'n groot berg geword wat die aarde gevul het."



Die koning was verstom. Dit was presies wat hy gedroom het! Hoe kon Daniel dit weet? God het vir Daniël gesê. Daniël het koning Nebukadnesar begin vertel wat die droom beteken.



"Die God
van die
hemel het
aan
u'n



koningkryk,
mag, krag
en glorie
gegee," ...



... het Daniël
vir die koning
gesê. "U is
die hoof
van
goud."



Daniel het
vir die koning
gesê sy goue
koninkryk
sou
eindig.



KONINGKRYK 1

KONINKRYK 2

KONGINGKRYK 3

KONINGKRYK 4



Die silwer deel van
die standbeeld
het beteken
dat 'n
swakker
koninkryk
sal sy plek
inneem.



KONINGKRYK 1

KONINKRYK 2

KONGINGKRYK 3

KONINGKRYK 4



Die brons het
beteken nog
'n koninkryk.

Die yster
en klei
staan vir
'n vierde
koninkryk.



KONINGKRYK 1


KONINKRYK 2

KONGINGKRYK 3


KONINGKRYK 4



Die laaste ding wat Daniël aan
die koning gesê
het was "Die God
van die hemel
sal'n ...



... koninkryk oprig wat in ewigheid
nie vernietig sal
word nie."



Die koning het
geweet dat net
God Daniël die
wysheid kon gee
om sy droom te
verstaan.



Nebukadnésar het Daniël beloon met rykdom en hom 'n baie belangrike man gemaak in die koninkryk.





Koningkryke
1, 2, 3
het
gekom
en
gegaan.





God se
koninkryk
gaan
kom na
koninkryk
4.





Die
Messias
sal
op
die
aarde
regeer.

Dit
kan
binnekort
wees!



Daniel en die Eienaardige Droom

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Daniël 2

"Die lees van die Woord gee lig."

Psalms 119:130



Die Einde



Dié Bybelstorie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil hê dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons doen baie verkeerde dinge, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons só lief dat Hy sy Seun, Jesus, gestuur het om vir ons sondes aan die kruis te kom sterf. Jesus het opgestaan uit die dood en opgevaar hemel toe! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om al jou sondes te vergewe, sal Hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir altyd saam met Hom lewe!



As jy glo dat dit die waarheid is, sê dan die volgende vir God: Liewe Jesus, ek glo dat U God is en vir al my sondes kom sterf het en nou vir altyd lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe. Vergewe asseblief al my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan hê en eendag vir altyd saam met U kan lewe. Help my om aan U gehoorsaam te wees en vir U te lewe, sodat ek u kind genoem kan word.

Amen.

Lees die Bybel en praat elke dag met God!

Johannes 3:16

